Brief 1

Ontvangserkenning van versoek – Artikel 18

Verw.no. : **Inrigting *se briefhoof***

Navrae :

ONTVANGSERKENNING VAN VERSOEK OM TOEGANG TOT 'N REKORD INGEVOLGE DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

Ontvangs van u brief/Vorm A, gedateer _____, waarin u aansoek doen om toegang tot bepaalde inligting/rekords te kry, word hiermee erken.

*Aangesien u toegang verlang tot 'n rekord(s) wat persoonlike inligting oor u self bevat, word u as 'n persoonlike versoeker beskou en wat ingevolge artikel 18(1) vrygestel is van betaling van versoekgeld.

Ingevolge artikels 25(1) en 87 van bogenoemde Wet moet die inrigting binne (**30/**90 of **60) dae na ontvangs van 'n versoek besluit of toegang tot die verlangde rekords verleen sal kan word al dan nie. U sal so gou moontlik, maar in elk geval nie later nie as * _____, van die inrigting se besluit in kennis gestel word.

***Daar is ook kennis geneem dat u die voorgeskrewe versoekgeld van R35 reeds inbetaal het en dat kwitansie _____ daarvoor uitgereik is.

OF

****Daar word opgemerk dat u nog nie die voorgeskrewe versoekgeld van R35 vir oorweging van u versoek inbetaal het nie. U word dus hiermee in kennis gestel dat dié bedrag so gou moontlik inbetaal moet word by die inrigting se kassier. Die betaling kan ook aan bogenoemde adres gepos word. Die tjek of posorder wat as betaalmiddel gebruik sal word, moet betaalbaar gemaak word aan die Inligtingsbeampte van die inrigting. (Hou asseblief in gedagte dat die voorgeskrewe tydperk vir afhandeling van u versoek eers sal strek vanaf dié datum waarop u versoekgeld inbetaal is.)

Ingevolge artikels 25(1) en 87 van bogenoemde Wet moet die inrigting binne (**30/**90 of **60) dae na ontvangs van 'n versoek besluit of toegang tot die verlangde rekords verleen sal kan word, al dan nie. U sal so gou moontlik, maar in elk geval nie later nie as * _____, van die inrigting se besluit in kennis gestel word.

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE
DATUM:

**Gebruik in gevalle van persoonlike versoekers. Hulle betaal ingevolge artikel 18(1) van bogemelde Wet geen versoekgeld nie en hulle versoeke kan dus onmiddellik geprosesseer word.*

***Vul die getal dae in ingevolge artikels 25(1) en 87 van bogemelde Wet, dit wil sê 90/60/30 dae onderskeidelik vir die 1ste, 2de en 3de jare na inwerkingtredng van bogemelde Wet op 9 Maart 2001.*

****Die ontvangs van die R35 versoekgeld soos bepaal in die Regulasies word ook erken. Prosessering van die versoek kan begin.*

*****Die versoeker kry kennis om versoekgeld van R35 te betaal. Prosessering en afhandelingstydperk neem eers 'n aanvang nadat dié bedrag inbetaal is.*